In die eerste drie kwartale van 1984 was die nominale salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore 15,5 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in 1983, wat 'n aansienlik hoër koers van toename was as die 12,5 persent in 1983. Die styging in nominale vergoeding per werker in die private sektor het effens verminder van 13,9 persent in 1983 to 13,5 persent in die eerste nege maande van 1984. Daarteenoor het die toename in nominale vergoeding per werker van openbare owerhede van 8,7 persent in 1983 tot 21,0 persent in die eerste nege maande van 1984 versnel. In reële terme was die gemiddelde vergoeding per werker in die nie-landbousektore in die eerste nege maande van 1984

1984 begin afneem het, het die opwaartse aanpassings in pryse, wat grootliks die vertraagde invloed van die skerp depresiasie van die rand sedert Oktober 1983 weerspieël het, hul uitwerking begin toon. Gevolglik het die styging in verbruikerspryse oor 'n tydperk van twaalf maande versnel van 10,0 persent in Februarie 1984 tot 11,6 persent in Junie, 13,3 persent in Desember en tot 13,9 persent in Januarie 1985. In terme van jaarlikse gemiddeldes, het verbruikerspryse in 1984 met 11,7 persent gestyg, vergeleke met 12,3 persent in 1983.


Oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet, het die styging in produksiepryse versnel van 'n laagtepunt van 6,6 persent in Mei 1984 tot 8,1 persent in Junie en 11,4 persent in Desember. Die invloed van die depresiasie van die rand was duidelik sigbaar in die invoerpryskomponent van die produksieprysindeks. Die styging oor 'n tydperk van twaalf maande in die pryse van ingevoerde goedere het slegs matig versnel van 'n laagtepunt van 3,5 persent in Mei 1984 tot 6,4 persent in Julie. Daarna het dit egter in Desember tot 15,7 persent versnel in ooreenstemming met die vinniger depresiasie van die rand.

Betalingsbalans

Lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans het voortgegaan om te verbeter en in die vierde kwartaal van 1984 'n oorskot begin toon. Hierdie oorskot het R284 miljoen bedra, gelykstaande aan 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R906 miljoen. In 1984 in sy geheel is 'n tekort van R1 041 miljoen op die lopende rekening aangeteken. Die verdere verbetering van die lopende rekening in die vierde kwartaal was die gevolg van opmerkbare toenames in die randwaarde van die goedere-uitvoer en die netto goudproduksie, wat die verdere toenames in die waarde van die goedere-invoer en netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders, meer as geneutraliseer het.

Saldo op lopende rekening



Die goedere-uitvoer het sy opwaartse neiging wat in die vierde kwartaal van 1983 begin het, volgehou. Die verdere toename in die vierde kwartaal van 1984 was grootliks te danke aan hoër randpryse wat uit die depresiasie van die rand in terme van die geldeenhede van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote, voortgespruit het. In die besonder is groot toenames in die uitvoerwaardes van mineraalprodukte, tekstiele en onedelmetale aangeteken. Die uitvoervolume het in die vierde kwartaal slegs in geringe mate gestyg, wat hoofsaaklik 'n weerspieëling was van die hoër uitvoer van mynbouprodukte. As 1984 in sy geheel beskou word, het die uitvoer met 28 persent in waardeterme en 12 persent in volumeterme toegeneem.

Die invloed van die depresiasie van die rand is ook in die toename in die waarde van die netto goudproduksie in die vierde kwartaal van 1984 weerspieël. In terme van VSA-dollars per fyn ons, het die goudprys van 'n gemid-

Lopende rekening van die betalingsbalans, 1984

R miljoene

| | 1e kw.* | 2e kw.* | 3e kw.* | 4e kw.* | Jaar |
|--|---------------|---------------|-------------|------------|---------------|
| Goedere-uitvoer | 11 610 | 12 326 | 13 624 | 14 796 | 13 089 |
| Netto goudproduksie | 11 019 | 10 208 | 11 803 | 13 706 | 11 684 |
| Goedere-invoer | -21 000 | -19 847 | -21 721 | -22 728 | -21 324 |
| Netto dienste- en oordragbetalings | -4 406 | -4 084 | -4 602 | -4 868 | -4 490 |
| Saldo op lopende rekening | -2 777 | -1 397 | -896 | 906 | -1 041 |

* Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse.

delde van \$345 in die derde kwartaal van 1984 tot \$334 in die vierde kwartaal gedaal. In terme van rand per fyn ons was daar egter 'n toename van 'n gemiddelde van R544 in die derde kwartaal tot R606 in die vierde kwartaal. Hierbenewens het daar ook 'n klein toename in die volume van die netto goudproduksie oor hierdie tydperk voorgekom. Gevolglik het die randwaarde van die netto goudproduksie in die vierde kwartaal met 16 persent gestyg. In 1984 in sy geheel het die waarde van die netto goudproduksie met 18 persent toegeneem, wat 'n

volumetoename van 6½ persent ingesluit het. In Januarie 1985 het die goudprys tot 'n gemiddelde van \$303 per fyn ons gedaal, wat gelykstaande aan 'n randwaarde van R657 was. Daarna het die maandelikse gemiddelde dollarprys van goud in Februarie tot effens onder sy Januarievlak gedaal. Die gemiddelde randprys het selfs skerper tot R589 per fyn ons gedaal as gevolg daarvan dat die rand gedurende Februarie gemiddeld in terme van die VSA-dollar geappresieer het.


Vanweë die hoër invoer in sulke klasse soos chemiese produkte, masjinerie en elektriese toerusting en vervoer-toerusting, het die waarde van die goedere-invoer in die vierde kwartaal van 1984 verder toegeneem. Hierdie toename was geheel en al toe te skryf aan prysstygings waarvan die grootste gedeelte die depresiasie van die rand weerspieël het. Die volume van die goedere-invoer het in die vierde kwartaal met ongeveer 3 persent gedaal. Van 1983 tot 1984 het die waarde en volume van die invoer met onderskeidelik 34 persent en 20½ persent toegeneem.

In 1984 het netto dienste- en oordragbetalings met 13 persent toegeneem. Betalings vir vrag- en goedere-versekering sowel as rente op buitelandse lenings het aansienlik toegeneem, terwyl dividendbetalings aan buitelandse beleggers 'n afname getoon het. Die algehele toename in dienstebetalings is gedeeltelik deur hoër ontvangste vir dienste geneutraliseer. Hoër ontvangste was veral merkbaar in die kategorieë passasiersgelde, skeepsvoorrade, buitelandse beleggingsinkome en toeristebesteding. Ten spyte van die hoër rentebetalings het die verhouding van hierdie betalings tot totale uitvoeren dienste-ontvangste slegs in 'n geringe mate van 5,3 persent in 1983 tot 6,2 persent in 1984 toegeneem.


Kapitaalrekening

'n Netto invloei van langtermynkapitaal van R833 miljoen het gedurende die vierde kwartaal van 1984 voorgekom. Netto aankope deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, het R214 miljoen bedra, terwyl netto buitelandse lenings deur die Tesourie, banke en die openbare korporasies vir die res van die langtermynkapitaalinvloei verantwoordelik was. Die invloei van langtermynkapitaal is meer as geneutraliseer deur 'n netto uitvloei van korttermynfondse van

Betalingsbalans: Handelsrekening



Betalingsbalans: Kapitaalrekening



R1 943 miljoen. Die grootste deel van dié bedrag is deur ongunstige vervroegings en vertraging van buitelandse betalings en ontvangste veroorsaak, in reaksie op die bykans voortdurende depresiasie van die rand en verwagtings dat hierdie depresiasie oor die kort termyn sou voortduur.

In 1984 in sy geheel was daar 'n netto invloei van langtermynkapitaal van R2 671 miljoen. Van hierdie bedrag het R880 miljoen netto aankope deur buitelanders van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, verteenwoordig. Die netto uitvloeï van korttermynkapitaal het gedurende 1984 R3 059 miljoen bedra.

Buitelandse reserwes


Gedurende die vierde kwartaal van 1984 het die netto goud- en ander buitelandse reserwes met R826 miljoen afgeneem. Dit het die totale afname gedurende 1984 op R1 429 miljoen te staan gebring. Ten einde die vlak van die buitelandse reserwes te ondersteun, het die bankstelsel op kort termyn in die buiteland geleen. Gevolglik het die banke se sogenaamde laste verwant aan reserwes in 1984 met R542 miljoen toegeneem.

Wisselkoerse

Die effektiewe wisselkoers van die rand het sy daling gedurende Oktober 1984 voortgesit, maar vroeg in November begin herstel in reaksie op die verbetering van die betalingsbalans. 'n Aanmerklike verdere appresiasie van die VSA-dollar en gepaardgaande merkbare daling in die VSA-dollarprys van goud gedurende die tweede helfte van Desember het egter aanleiding gegee tot 'n hernieude depresiasie van die rand en die skepping van sterk verwagtings dat die rand sou voortgaan om oor die kort termyn te depresieer. Soos reeds bespreek, het hierdie verwagtings gelei tot ongunstige vervroegings en vertraging en 'n opmerklike netto uitvloeï van korttermynkapitaal.

Onder hierdie omstandighede het die rand gedurende die eerste drie weke van Januarie 1985 voortgegaan om te daal. Die nuus dat reële besteding in Suid-Afrika effektief verminder is en dat die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in die vierde kwartaal van 1984 in 'n oorskot omskep is, het egter 'n verande-

Wisselkoerse van die rand



ring in wisselkoersverwagtings tot gevolg gehad. Hierdie uitwerking is versterk deur die verklaring van die sogenaamde Groep van Vyf dat hulle sou ingryp om 'n uitermate groot verdere appresiasie van die VSA-dollar te voorkom en deur 'n werklike klein tydelike verswakking van die dollar. Die resultaat was 'n ommekeer in die wisselkoers van die rand. Die daaropvolgende appresiasie van die rand is verder ondersteun deur die instelling van sekere aanvullende maatreëls op 30 Januarie om druk op die kontantwisselkoers van die rand te verlig.

Hierdie maatreëls het eerstens bestaan uit 'n reëling waarvolgens valutahandelaars regstreekse termynvalutakontrakte met die Reserwebank mag aangaan vir die aankoop van VSA-dollars vir toekomstige lewering deur die Bank, sonder om noodwendig die gebruikelike ruiltransaksies met die Bank aan te gaan. Hierdie ruiltransaksies, 'n fasiliteit wat vir valutahandelaars beskikbaar bly, vereis dat valutahandelaars dollars kontant aan die Bank verkoop en kontrakte met die Bank aangaan om hierdie dollars oor 'n termyn op 'n vasgestelde toekomstige datum teen 'n ooreengekome koers terug te koop. Voor die aangaan van sodanige ruiltransaksies moet valutahandelaars egter eers dollars in die kontantmark aankoop en sodoende kan hulle afwaartse druk op die kontantwisselkoers van die rand uitoefen. Tweedens is aangekondig dat goudmyne as 'n tussentydse maatreël vir slegs 50 persent van hul produksie in VSA-dollars betaal sal word en dat die res in rand betaal sal word. Hierdie stap het tot gevolg dat die helfte van die dollaropbrengste van goudverkope die Reserwebank sal toeval en gebruik kan word in transaksies van die Bank in die kontant- of in die termynvalutamark. Die totale aanbod van dollars in die mark word natuurlik nie deur hierdie maatreël geraak nie.

Die effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende die vierde kwartaal van 1984 verder met 13,0 persent gedaal om 'n totale afname van 35,6 persent vanaf die einde van September 1983 aan te teken. In terme van die VSA-dollar het die rand gedurende die vierde kwartaal van 1984 met 16,0 persent gedeprimeer en met

44,5 persent vanaf die einde van September 1983 tot aan die einde van 1984. Die geweegde gemiddelde wisselkoers van die rand in terme van alle geldeenhede behalwe die VSA-dollar het gedurende die vierde kwartaal van 1984 met 11,9 persent en vanaf die einde van September 1983 tot aan die einde van 1984 met 31,7 persent gedaal.

Die effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende die eerste drie weke van Januarie 1985 met 13,3 persent gedaal, maar tussen 21 Januarie 1985 en 13 Februarie weer met 27,9 persent toegeneem. Gedurende die tweede helfte van Februarie het die VSA-dollar egter nog verder geappresieer, die dollarprys van goud het tegelykertyd gedaal en die rand het 'n hernieude deprimeer getoon. Per saldo het die effektiewe wisselkoers gedurende Januarie en Februarie 1985 met 1,3 persent toegeneem. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het hierdie toename 'n appresiasie in terme van die meeste belangrike geldeenhede met die uitsondering van die VSA-dollar verteenwoordig.

Veranderings in die wisselkoerse van die rand
%

| | Sept 1984 tot Des 1984 | Sept 1983 tot Des 1984 | Des 1984 tot Feb 1985 |
|---|------------------------------|------------------------------|-----------------------------|
| Geweegde gemiddelde.. | -13,0 | -35,6 | 1,3 |
| Geweegde gemiddelde, uitsluitende die VSA- dollar | -11,9 | -31,7 | 4,4 |
| VSA-dollar | -16,0 | -44,5 | -2,5 |
| Britse pond | -10,1 | -28,7 | 4,1 |
| Duitse mark | -12,9 | -33,8 | 3,3 |
| Switserse frank | -12,9 | -32,4 | 6,6 |
| Japanse jen | -14,1 | -40,9 | 0,4 |
| Franse frank | -13,2 | -33,3 | 3,3 |

Geld en krediet

Veranderings in geldhoeveelheid

Die groeikoerse van die verskillende monetêre totale het gedurende die tweede helfte van 1984 merkbaar versnel. Oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet, het die koers van toename in M3 van 12,0 persent in Desember 1983 tot 14,2 persent in Junie 1984 en 24,7 persent in November versnel voordat dit in Desember effens tot 23,2 persent verlangsaam het. Die koers van toename in M2 (oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet) het eweneens van 16,5 persent in Desember 1983 tot 18,4 persent in Junie 1984 en 28,9 persent in November versnel, maar weer in Desember tot 25,8 persent verlangsaam. Die ooreenstemmende koers van toename in M1 het van 26,6 persent in Desember 1983 tot 29,1 persent in Junie 1984 en 39,6 persent in November versnel, maar daarna tot 34,0 persent in Desember verlangsaam.

Soos aangedui deur die daling in reële bruto binne-landse besteding gedurende die tweede helfte van 1984, het die vinniger styging in die geldhoeveelheid gedurende hierdie tydperk nie 'n toename in die monetêre vraag weerspieël nie. Die omloopsnelheid van geld het in werklikheid gedurende sowel die derde as die vierde kwartaal van 1984 merkbare dalings getoon. Die omloopsnelheid van M3 het byvoorbeeld in die derde en vierde kwartaal

met onderskeidelik 2,1 persent en 4,3 persent gedaal. Ooreenstemmende dalings in die omloopsnelheid van M2 het onderskeidelik 2,5 persent en 5,7 persent bedra.

Weens redes wat later bespreek sal word het die toename in bankkrediet aan die private sektor paradoksaal begin versnel met die aanvang van die ekonomiese afswaai in die derde kwartaal van 1984. Dit was gedurende die tweede helfte van 1984 die hooftenhanger van die versnelling in die groeikoerse van die verskillende monetêre totale. In teenstelling hiermee het afnames in die netto bankkrediet aan die owerheidsektor en netto buitenlandse reserves 'n vernouende invloed op die geldhoeveelheid uitgeoefen, nie slegs gedurende die tweede helfte van 1984 nie maar ook gedurende die jaar in sy geheel.


Bankkrediet aan die private sektor

Die koers van toename in bankkrediet aan die private sektor het, oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet, van 18 persent in Desember 1983 tot 22 persent in Junie 1984 en tot 24 persent in Augustus versnel. Na 'n

Geldhoeveelheid



Bankkrediet



tydelike verlangsaming tot 21 persent in September, het hierdie koers van toename weer tot 28 persent in Desember versnel.

'n Ontleding van bankkrediet toegestaan aan die private sektor dui op 'n duidelike verandering in sy samestelling gedurende 1984. Die verlangsaming in verbruiksbesteding vanaf die derde kwartaal, het saamgeval met 'n laer koers van toename in verbruikerskrediet, in die besonder gedurende die laaste vier maande van die jaar. Bruikhuurfinansiering het eweneens gedurende hierdie vier maande aansienlik stadiger toegeneem. Daarenteen het bankkrediet aan die korporatiewe sektor, hoofsaaklik bankoortrekkings, 'n vinniger styging gedurende hierdie tydperk getoon. Daarbenewens het krediet deur die Landbank toegestaan gedurende die vierde kwartaal merkbaar toegeneem.

Die hoër koers van toename in bankoortrekkings het verband gehou met die opbou van voorrade en die ongunstige vervroegings en vertraging van buitelandse betalings en ontvangste waarna vroeër verwys is. Boonop is bankoortrekkings gebruik om die onverwagte hoër randkoste van invoere wat uit die depresiasie van die rand voortgespruit het, te finansier. Herintermediasie van krediettransaksies weens stram toestande in die intermaatskappyemark vir fondse het ook tot die vinniger styging in bankoortrekkings bygedra.

Op 21 Februarie 1985 is huurkoopvoorwaardes effens verslap in sover dat die maksimum terugbetalingstydperke in huurkoopoorreënkoms in die geval van sekere klasse duursame verbruikersgoedere verleng is.

Finansiële markte

Reserwebankoptrede in finansiële markte

Net soos in die eerste drie kwartale van 1984, het die Reserwebank gedurende die vierde kwartaal voortgegaan om staatseffekte in die finansiële markte te verkoop ten einde bystand in die bestuur van die staatskuld te verleen. Netto verkope gedurende die vierde kwartaal het R1 115 miljoen bedra. Dit het die totaal vir so-danige verkope gedurende 1984 op R2 008 miljoen te staan gebring. Verdere netto verkope van staatseffekte gedurende Januarie en Februarie 1985, insluitende verkope van R62 miljoen deur middel van tenders, het R159 miljoen bedra.

Die Bank se ander optrede gedurende 1984 was hoofsaaklik daarop gemik om te voorkom dat seisoens- en ander tydelike invloede oormatige groot skommelings in korttermynrentekoerse veroorsaak. Hierdie optrede het hoofsaaklik bestaan uit die verkoop van spesiale belastingverwante skatkiswissels, wisseling van die bedrag aan wissels wat by die weeklikse tenders van skatkiswissels en Landbankwissels aangebied is, verandering in die bedrag aan daggeld wat deur die Korporasie vir Openbare Deposito's by die diskontohuise geplaas is en terugkoopoorreënkoms wat met bankinstellings aangegaan is.

Die bedrag van die Bank se herfinansiering in die vorm van herdiskonterings en oornaglenings aan diskontohuise het gedurende die eerste nege maande van 1984 gelykmatig toegeneem, naamlik van 'n daaglikse gemiddelde van R1 164 miljoen in Desember 1983 tot R1 877 miljoen in Junie 1984 en tot R2 008 miljoen in September. Gedurende die daaropvolgende vier maande het die bedrag aan akkommodasie egter min verandering getoon en in Desember slegs in geringe mate tot 'n daaglikse gemiddelde van R2 102 miljoen toegeneem voordat dit in Januarie 1985 tot 'n gemiddelde van R1 989 miljoen afgeneem het.

As monetêre beleidsinstrument is die herdiskonteringskoerse van die Reserwebank met 1 persent in Julie 1984 en 3 persent in Augustus verhoog. Hierdie koerse is in November met 1 persent verlaag, maar is in Januarie 1985 na hul Augustusvlakke teruggebring.

Op 29 Januarie 1985 het die Reserwebank aangekondig dat, ten einde sy invloed oor akkommodasie aan die bankstelsel te versterk, akkommodasie aan die diskontohuise in die toekoms slegs teen die sekuriteit van bates wat deur hulle besit word, toegestaan sal word en dat bankinstellings wat akkommodasie benodig die Bank regstreeks sal moet nader. Hierdie nuwe reëlins sal die Bank in staat stel om individuele bankinstellings wat hulle krediet oormatig uitbrei en dan uitermate groot bedrae aan Reserwebankkrediet benodig, te penaliseer deur die toepassing van hoër herfinansieringskoerse.

Na die instelling van die nuwe maatreëls het regstreekse akkommodasie aan banke op 29 Januarie R354 mil-

joen bedra, maar hierdie bedrag aan krediet is vroeg in Februarie ten volle terugbetaal. Toestande in die geldmark het vroeg in Februarie begin verruim en op 19 Februarie het die akkommodasie wat aan diskontohuise verleen is, tot minder as R500 miljoen gedaal. Teen die einde van Februarie het die akkommodasie aan diskontohuise verleen egter weer toegeneem tot R1 778 miljoen. Op die maandeinde is bankinstellings regstreeks met R739 miljoen geakkommodeer.


Korttermynrentekoerse

Korttermynrentekoerse het gedurende 1984 oor die algemeen 'n opwaartse verloop gevolg. Gedurende die vierde kwartaal het hierdie koerse aanvanklik betreklik bestendig gebly op die hoër vlakke waartoe hulle teen die einde van die derde kwartaal gestyg het. In ooreenstemming met die afkoeling van die ekonomie, die verbetering van die betalingsbalans en die ietwat hoër wisselkoers van die rand op daardie tydstip, het daar egter vroeg in November 'n algemene afwaartse beweging in rentekoerse begin. Teen 16 November het die koers op bankaksepte van drie maande byvoorbeeld van 22,25 persent aan die einde van September 1984 tot 20,75 persent gedaal. Op dieselfde datum het die verreke-

ningsbanke verlagings van 1½–2 persent in hulle prima-oortrekkingskoerse met ingang van 19 November aangekondig. Dit is deur 'n vermindering van 1 persent in die herfinansieringskoerse van die Reserwebank gevolg, ook met ingang van 19 November.

Daarna het korttermynrentekoerse gedurende die tweede helfte van Desember en vroeg in Januarie 'n hernieude toename getoon in reaksie op 'n aanmerklike verdere daling in die goudprys en 'n gepaardgaande skerp depresiasie van die rand. Op 17 Desember is die verrekeningsbanke se prima-oortrekkingskoerse tot 24 persent verhoog en, ná 'n verhoging van 1 persent in die Reserwebank se herfinansieringskoerse op 8 Januarie, is dit verder tot 25 persent verhoog. Teen 25 Januarie het die koers op bankaksepte van drie maande tot 22,25 persent gestyg, vergeleke met 20,75 persent op 16 November 1984. Eweneens het die skatkiswisseltenderkoers van 20,56 persent op 16 November tot 21,79 persent op 25 Januarie 1985 toegeneem. Korttermynkoerse het gedurende die grootste deel van Februarie effens gedaal, maar teen die einde van die maand weer gestyg namate marktoestande toenemend strammer geword het. Op 1 Maart het die koerse op bankaksepte van drie maande en skatkiswisseltenders onderskeidelik 22,40 persent en 21,76 persent bedra.

Korttermynrentekoerse




Kapitaalmarkbedrywigheid en langtermynrentekoerse


Die hernieude toename in kapitaalmarkbedrywigheid van die tweede tot die derde kwartaal van 1984 is nie in die vierde kwartaal gehandhaaf nie. Dit het geblyk uit die laer effektebeursomset in sowel effekte van die openbare sektor as maatskappyaandele, die afname in die bedrag aan nuwe verbandlenings wat deur bouverenigings toegestaan is en die afname in die waarde van transaksies in vaste eiendom. In 1984 as geheel het die effektebeursomset in effekte van die openbare sektor met 19 persent toegeneem en die waarde van transaksies in vaste eiendom met 7 persent. Hierteenoor het die effektebeursomset in maatskappyaandele in 1984 met 14 persent gedaal, terwyl nuwe verbandlenings deur bouverenigings met soveel as 38 persent gedaal het. Laasgenoemde daling het uit 'n skerp afname van 41 persent in die netto invloei van fondse na die verenigings, voortgespruit.

Aandelepryse wat sedert Maart 1984 gedaal het, het gedurende die vierde kwartaal 'n tydelike styging getoon, maar gedurende Januarie 1985 weer 'n afwaartse neiging voortgesit. Aandelepryse het van die hoogtepunt in Maart 1984 tot Januarie 1985 met gemiddeld 13 persent gedaal. Die gemiddelde dividendopbrengskoers vir alle klasse aandele het van 'n laagtepunt van 5,1 persent in Maart 1984 tot 6,3 persent in Desember en 7,4 persent in Januarie 1985 toegeneem. In die geval van effekte met vaste rente was opbrengskoersstygings meer opvallend. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het byvoorbeeld van 'n gemiddelde van 13,6 per-

Bouverenigings



Kapitaalmarkrentekoerse



sent in Desember 1983 tot 16,6 persent in September 1984 toegeneem, voordat dit in Desember tot 16,3 persent afgeneem het. In ooreenstemming met ander rentekoersstygings, het dit tot 'n gemiddelde van 17,4 persent in Februarie 1985 gestyg.

Na 'n taamlike skerp styging in Augustus 1984 het deposito-rentekoerse gedurende die res van die jaar redelik bestendig vertoon. Die oorheersende koers op deposito's van twaalf maande by banke en bouverenigings het byvoorbeeld onveranderd gebly op die 18 persent waartoe dit in Augustus gestyg het. Na die algemene verhoging in rentekoerse vanaf ongeveer die middel van Desember 1984, het 'n betekenisvolle herstrukturering van depositokoerse gedurende Januarie en vroeg in Februarie 1985 plaasgevind. Die oorheersende koers op deposito's van twaalf maande is op 18 persent gehou, terwyl ander depositokoerse met tussen 0,5 en 3,5 persent gestyg het.

Gedurende die vierde kwartaal van 1984 en vroeg in 1985 het die bouverenigings se verbandkoerse in die algemeen onveranderd gebly binne die patroon van 18,25–20,00 persent, wat in Augustus 1984 vasgestel is. In Oktober het 'n groot bouvereniging egter sy woning-


verbandkoers vir nuwe lenings bo R60 000 tot 23 persent verhoog. In Februarie 1985 het 'n ander bouvereniging hierdie voorbeeld gevolg en sy koers vir soortgelyke lenings tot 21,5 persent opgeskuif. Ook in Oktober het sekere banke hul koerse vir nuwe verbandlenings bo R60 000 tot 25 persent verhoog.

Staatsfinansies

Skatkisuitreikings

Vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande fiskale jaar, het die toename in die skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente in geringe mate van 22,5 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1984/85 tot 23,6 persent in die derde kwartaal van die fiskale jaar versnel. Gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1984/85 het die toename in die uitreikings 22,9 persent bedra. Die Addisionele Begroting wat op 25 Februarie 1985 in die Parlement ter tafel gelê is, het vir bykomende uitgawes van R1 436 miljoen (uitsluitende addisionele statutêre toewysings) gedurende die 1984/85 fiskale jaar voorsiening gemaak. Met hierdie addisionele bedrag sowel as statutêre toewysings inge-

Skatkisrekening




* Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir veranderings in die saldo op die Betaalmeestergeneraalrekening.

sluit, dui voorlopige ramings daarop dat die uitgawes in die fiskale jaar in sy geheel met ongeveer 22 persent kan toeneem.

Skatkisontvangste

Die skatkisontvangste was in die derde kwartaal van die fiskale jaar 1984/85 29 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande jaar. Gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar het die toename, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds



van die voorafgaande jaar, 22,5 persent bedra. Die hoë koers van toename was gedeeltelik toe te skryf aan die verhoging van die algemene verkoopbelasting op die meeste goedere en dienste van 7 tot 10 persent op 1 Julie 1984 en is bereik nieteenstaande die groter as verwagte afname in goudmynontvangste in die vorm van inkomstebelasting- en mynhuurbetalings. Gedurende die eerste nege maande van 1984/85 was hierdie ontvangste inderdaad 26 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk in 1983/84. Uitsluitende die inkomste van goudmynmaatskappye was die ander ontvangste op die Skatkisrekening in die eerste nege maande van 1984/85 29 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande fiskale jaar. Volgens voorlopige ramings kan die koers van toename in totale skatkisontvangste in 1984/85 effens hoër wees as die 22,5 persent wat gedurende die eerste nege maande aangeteken is.

Finansiering van die skatkistekort

Die tekort op die Skatkisrekening (voor lenings en skuldaflossings) het in die eerste nege maande van 1984/85 R4 082 miljoen bedra. Hierdie bedrag was alreeds heelwat meer as die oorspronklike begrotingsraming vir die fiskale jaar in sy geheel, maar is nogtans deur middel van lenings buite die banksektor gefinansier. Deur middel van aktiewe staatskuldbestuur, insluitende ope-markverkope van staatseffekte deur die Reserwebank, is die netto skuldposisie van die regering teenoor die monetêre banksektor in werklikheid met 'n aansienlike bedrag verminder.

Die finansiering van die skatkistekort in die eerste nege maande van 1984/85, d.w.s. die tydperk van April tot Desember 1984, word hieronder aangetoon:

| | R miljoene |
|--|------------|
| Monetêre banksektor | -882 |
| Openbare Beleggingskommissarisse | 1 506 |
| Nie-bank- private sektor | 3 200 |
| Buitelandse sektor | 258 |
| Totaal | 4 082 |

Begroting van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir 1985/86

In die Begroting van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir die 1985/86 finansiële jaar, wat op 20 Februarie 1985 in die Parlement ter tafel gelê is, is die totale inkomste op R8 158 miljoen geraam. Hierdie bedrag sluit in die geraamde addisionele inkomste wat voortspruit uit die hoër passasiersreisgeld en lugvragtariewe wat vroeg in Februarie ingestel is, asook die geraamde addisionele inkomste uit die gemiddelde tariefstyging van 7,5 persent van 1 April af ten opsigte van goedereverkeer en haweregte. Bedryfsuitgawes vir die 1985/86 finansiële jaar is op R8 350 miljoen geraam, wat 'n tekort van R192 mil-

joen laat. In sy begrotingsrede het die Minister van Vervoerwese gesê dat die verwagte tekort in 1985/86 sonder tariefaanpassings meer as R750 miljoen sou beloop. Kapitaalbesteding is op R1 650 miljoen geraam, R100 miljoen minder as die begrotingsyfer vir die voorafgaande finansiële jaar.

**Begroting van die Departement
Pos- en Telekommunikasiewese vir 1985/86**

In die Begroting van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese vir die finansiële jaar 1985/86 is die bedryfsuitgawes geraam op R2 739 miljoen, 'n toename van 10,7 persent op die voorafgaande jaar. 'n Verdere R293 miljoen word ook benodig hoofsaaklik vir aflossings van lenings en die personeelbehuisingskema. Teen die heersende tariewe is die inkome in 1985/86 op R2 700 miljoen geraam, wat 'n bedryfstekort van R332 miljoen sou laat. Hierdie tekort sal gefinansier word deur middel van 'n gemiddelde tariefverhoging van 14,8 persent in telekommunikasie- en postariewe met ingang van 1 April 1985. Daar word geraam dat 'n bykomende inkomste van R400 miljoen uit die hoër tariewe verkry sal word, wat 'n bedryfsurplus van R68 miljoen tot gevolg sal hê. Kapitaalluitgawes is geraam op R1 345 miljoen, 15 persent meer as in 1984/85.

Verklaring insake die Suid-Afrikaanse Reserwebank se voorwaardes vir akkommodasie aan banke en diskontohuise en die Bank se optrede in die buitelandse valutamark

Uitgereik deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

29 Januarie 1985

1. Akkommodasie aan die geldmark

Die Reserwebank het met die diskontohuise en die bankinstellings ooreengekom om die metode waarvolgens die Bank akkommodasie aan hierdie instellings verleen, te wysig. In die verlede het die Bank tydelike akkommodasie aan die diskontohuise en bankinstellings verstrek deur in hoofsaak geldmarkbates soos skatkiswissels, Landbankwissels en likwiede bankaksepte vir die diskontohuise te verdiskonteer, of deur oornaglenings teen die onderpand van geldmarkbates, insluitende korttermynstaatseffekte, aan die diskontohuise toe te staan. Dit was gevolglik nie vir individuele bankinstellings nodig om self regstreeks na die Reserwebank vir sodanige akkommodasie te kom nie.

Ooreenkomstig die nuwe reëlings sal die Reserwebank voortaan sy akkommodasie aan die diskontohuise tot die verdiskontering van bates wat deur hulle *besit* word, beperk, en oornaglenings aan dié instellings sal ook slegs teen die verpanding van hulle *eie* bates toegestaan word. Bankinstellings wat ook van tydelike Reserwebankkrediet gebruik wil maak, sal dus nou self regstreeks na die Reserwebank vir sodanige hulp moet kom.

Die Reserwebank sal nie in hierdie stadium sy basiese verdiskonteringskoerse vir die diskontohuise of sy rentekoerse vir oornaglenings verander nie. Bankinstellings wat regstreeks by die Reserwebank vir hulle normale finansiële behoeftes aanklop, sal geldmarkpapier by die Bank kan verdiskonteer teen ongeveer dieselfde koerse as waarteen hulle tans deur die bemiddeling van die diskontohuise op hierdie wyse akkommodasie by die Reserwebank kan verkry. Oornaglenings sal vir alle instellings teen dieselfde koerse as wat tans vir die diskontohuise geld, toegestaan word.

Die nuwe reëlings sal die Reserwebank voortaan egter in staat stel om banke wat volgens sy oordeel hulle kredietverlening oormatig uitbrei en dan abnormaal groot hoeveelhede Reserwebankkrediet benodig, deur middel van hoër verdiskonterings- en ander rentekoerse te penaliseer, sonder dat dit vir die Bank nodig sal wees om al sy diskontokoerse te verhoog.

Die Reserwebank se verdiskonteringskoerse en rentekoerse vir oornaglenings sal, tot verdere kennisgewing, soos volg wees:

Verdiskonteringskoerse:

| | Diskontohuise | Banke |
|---|---------------|--------|
| Vir: Skatkiswissels | 21,75% | 21,85% |
| Landbankwissels | 22,00% | 22,10% |
| Likwiede bankaksepte (met looptye tot 91 dae) | 22,25% | 22,35% |

Rentekoerse vir oornaglenings:

| Teen onderpand van | Diskontohuise en banke |
|--|------------------------|
| Skatkiswissels en korttermynstaatseffekte | 23,25% |
| Landbankwissels en -obligasies | 23,50% |
| Likwiede bankaksepte en langtermynstaats-effekte | 24,00% |

2. Die termynvalutamark

Gemagtigde valutahandelaars (bankinstellings) kan tans binne vasgestelde perke VSA-dollars vir lewering in die toekoms by die Reserwebank aankoop of aan die Reserwebank verkoop. Hierdie termynvalutatransaksies geskied deur middel van sogenaamde "swap"- of ruiltransaksies en 'n bankinstelling wat byvoorbeeld dollars in die toekoms wil aankoop, kan die transaksie afsluit deur nou dollars kontant aan die Reserwebank te verkoop en 'n kontrak met die Bank aan te gaan om die dollars weer op 'n vasgestelde toekomstige datum teen 'n ooreengekome koers van die Bank terug te koop. 'n Bankinstelling wat dollars op termyn by die Reserwebank wil aankoop, moet dus eers dollars in die kontantmark gaan aankoop om die ruiltransaksie met die Reserwebank te kan afsluit.

Ten einde die druk wat daar tans in die valutamark op die kontant- of "spot"-wisselkoers van die rand in hierdie stadium uitgeoefen word, te verminder, het die Bank besluit om, met ingang 30 Januarie 1985, aan die banke 'n fasiliteit beskikbaar te stel om VSA-dollars vir toekomstige lewering by die Reserwebank aan te koop sonder om die gebruikelike ruiltransaksies met die Bank aan te gaan. Dit sal dus, met ander woorde, vir bankinstellings moontlik wees om 'n regstreekse termynvaluta-aankoopkontrak met die Reserwebank aan te gaan sonder om in daardie stadium enige kontantdollars aan die Bank te verkoop en sonder dat dit nodig is om dollars in die kontantvalutamark aan te koop. Sodanige transaksies, wat slegs vir aankope van VSA-dollars by die Reserwebank afgesluit kan word, sal vir minimumbedrae van VSA \$10 miljoen per transaksie gedoen kan word en sal 'n minimum looptyd van een maand op 'n keer moet hê. Die normale fasiliteit vir "swap"- of ruiltoekenkomste sal ook nog vir die bankinstellings beskikbaar wees.

3. Betalings aan goudmyne

In September 1983 het die Reserwebank met die goudmyne in Suid-Afrika 'n reëling getref om hulle met VSA-dollars te betaal vir die goud wat hulle aan die

Reserwebank verkoop. Hierdie reëling het tot dusver baie goed gewerk en het, volgens die mening van die Bank, 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die buitelandse valutamark in Suid-Afrika gelewer.

In die lig van die huidige abnormale toestande in die wêreld se valutamarkte is daar egter nou besluit om as 'n tussentydse maatreël die goudmyne slegs vir vyftig persent van hulle produksie in VSA-dollars uit te betaal, en vir die res in rand. Net soos voorheen, sal die goudmyne die volle markprys vir hulle produksie ontvang wat op die prysvasstellings in die Londense goudmark gebaseer sal wees en wat in VSA-dollars bereken sal word. Die helfte van die berekende waarde van die goudproduksie wat aan die Reserwebank gelewer word, sal egter teen die heersende markwisselkoers in rand omgerekend word en in rand in Suid-Afrika aan die myne uitbetaal word, terwyl die ander helfte nog steeds in die VSA-dollarrekenings van die mynhuise in die buiteland inbetaal sal word. Die myne moet hierdie dollars natuurlik binne sewe dae ná ontvangs aan gemagtigde valuta-handelaars in Suid-Afrika verkoop. Die Reserwebank sal self die dollaropbrengs van die ander helfte van die goudproduksie of in die kontant- of in die termynvalutamark in Suid-Afrika verkoop.

Hierdie tydelike wysiging van die bestaande prosedure sal op sigself natuurlik nie die totale aanbod van dollars in die Suid-Afrikaanse valutamark vermeerder nie, maar sal die Reserwebank in staat stel om deurlopend 'n groter invloed op die valutamark uit te oefen en veral om korttermynskommelings in die wisselkoers van die rand beter uit te stryk.

Die voorgaande stappe behoort die Reserwebank se invloed oor die akkommodasie wat hy aan die bankstelsel verleen en oor die wisselkoers van die rand te versterk. Die hoofsaak bly egter die effektiewe beteueling van totale besteding en geldskepping deur middel van 'n beperkende monetêre en fiskale beleid. Die sukses wat hierdie beleid reeds behaal het deur totale besteding aansienlik te verlangsaam en deur die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in 'n oorskot in die vierde kwartaal van 1984 te omskep, is besonder bemoedigend en het reeds begin om sy positiewe uitwerking op die wisselkoers uit te oefen. Maar die beleid sal voortgesit word totdat die verdere doelstelling van inflasiebekamping as voorspel tot vinniger reële groei ook bereik is.